



TOERISME

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE

KWARTAAL 3

ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS
INHOUD: WÊRELDERFENISTERREINE


Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen-
vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 26 bladsye.

ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS
INHOUD: WÊRELDERFENISTERREINE

NOV 2014 NSS
 VRAAG 5

5.1 Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1.1 (a) Identifiseer Wêrelderfenisterrein **A** en **B**. (2)
- (b) Noem die provinsie waarin die Wêrelderfenisterreine wat in VRAAG 5.1.1(a) geïdentifiseer is, geleë is. (1)
- 5.1.2 Beskrywings van Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika word hieronder gegee. Noem en pas elke WET by sy ligging op die kaart hierbo, byvoorbeeld uKhahlamba-Drakensbergpark – 7.
- (a) Hierdie terrein was 'n plek waar 'n hoogs gesofistikeerde beskawing met China, Indië en Egipte in goud en ivoor handel gedryf het. (2)
- (b) Hierdie terrein bevat sensitiewe ekosisteme van Afrika se marine-, vleiland- en savanna-omgewings. (2)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Paar jaar gelede is die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap aan die Nama-mense terugbesorg. Vandag het hulle dit reggekry om 'n balans te vind tussen hul voorvaders se 'leef-van-die-land'-leefstyl en die behoefte aan bewaring.

[Aangepas uit www.safarinow.com]

- 5.2.1 Verduidelik TWEE maniere waarop die Richtersveld Kulturele Landskap aan UNESCO se kulturele kriteria voldoen. (4)
- 5.2.2 Noem EEN manier waarop die Nama-gemeenskap voordeel trek uit die Richtersveld Kulturele Landskap as 'n Wêrelderfenisterrein. (2)

NOV 2015 NSS
VRAAG 5

5.1 Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Voltooi die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK

		WÊRELD- ERFENISTERREIN 1	WÊRELD- ERFENISTERREIN 2	
5.1.1	Volle amptelike naam	(a)	(b)	(2)
5.1.2	Tipe Wêrelderfenisterrein	(a)	(b)	(2)

5.2 Bespreek EEN rede, vanuit 'n toerisme-oogpunt, waarom leerskilpaaie se neste as 'n unieke hulpbron beskou word. (2)

5.3

UNESCO SE WÊRELDERFENISKRITERIA	
Kriterium 10: Om die belangrikste en betekenisvolste natuurlike habitate vir bewaring van biologiese diversiteit te beheer, waaronder dié wat bedreigde spesies bevat met uitsonderlike universele waarde.	
[Bron: www.unesco.org]	



Wêrelderfenisterrein 2 in VRAAG 5.1 hierbo het voldoen aan UNESCO se Kriterium 10 om Wêrelderfenisstatus te verkry.

5.3.1 Bespreek EEN voorbeeld van hoe Wêrelderfenisterrein 2 aan hierdie kriterium voldoen. (2)

5.3.2 Verduidelik die rol wat UNESCO in die instandhouding van albei die Wêrelderfenisterreine sou speel. (2)

**NOV 2016 NSS
VRAAG 5**

Bestudeer die webwerf-artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KULTURELE WÊRELDERFENISTERREINE IN SUID-AFRIKA	
Suid-Afrika se kulturele Wêrelderfenisterreine beskerm die kulturele erfenis van huidige en vorige tradisies en kulture.	
Voorbeelde van kulturele Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika:	
A. Mapungubwe Kulturele Landskap	B. Richtersveld- Kulturele en Botaniese Landskap
	
[Aangepas uit www.whc.unesco.org]	

- 5.1 Noem die provinsie waar kulturele Wêrelderfenisterrein **A** geleë is. (2)
- 5.2 Identifiseer uit die voorbeelde hierbo die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein wat vroeër die grootste koninkryk op die Afrika-subkontinent was. (2)
- 5.3 Gee EEN ekonomiese aktiwiteit wat deur die kultuur wat in VRAAG 5.2 geïdentifiseer is, beoefen is. (2)
- 5.4 Noem TWEE funksies van die wêreldorganisasie wat toesig hou oor die Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (4)


**NOV 2017 NSS
VRAAG 5**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg

**DIE CHELSEA-BLOMMESKOU IN LONDEN HET IN 2011
SUID-AFRIKA SE WÊRELDERFENISTERREINE BEKEND GESTEL**

By die Chelsea-blommeskou kry lande die geleentheid om blommerangskikkings te gebruik om hulle besienswaardighede te vertoon. Dit maak die Chelsea-blommeskou 'n ideale geleentheid om Suid-Afrika en sy ryk natuurlike biodiversiteit en kultuurerfenis te bevorder. Die skou lok meer as 150 000 besoekers in vier dae en die Suid-Afrikaanse uitstalling is altyd 'n groot gunsteling.

Dr. Tanya Abrahamse, HUB van SANBI, het gesê: 'Baie besoekers reis na Suid-Afrika nadat hulle ons uitstalling by die Chelsea-blommeskou gesien het en ons verwelkom die geleentheid om ons pragtige land deur sy Wêrelderfenisterreine te vertoon.'



[Aangepas uit www.sanbi.org]

- 5.1 Noem die TWEE Wêrelderfenisterreine wat in 2011 by die Chelsea-blommeskou in Londen vertoon is. (4)
- 5.2 Noem die TWEE provinsies wat die meeste voordeel uit die blootstelling by die Chelsea-blommeskou sou getrek het. (2)

- 5.3 Gee EEN rede waarom UNESCO Wêrelderfenisstatus aan die twee terreine in VRAAG 5.1 gegee het. (2)
- 5.4 Suid-Afrika se uitstallings by die Chelsea-blommeskou het werk en entrepreneurskapgeleenthede geskep vir plaaslike verskaffers van plantmateriaal en ander items wat nodig is om die perfekte uitstalling te skep.
- Stel TWEE ander maniere voor waarop die uitstalling van die twee Wêrelderfenisterreine by die Chelsea-blommeskou in Londen waarde by Suid-Afrika se toerismebedryf voeg. (4)

**NOV 2018 NSS
VRAAG 5**

5.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE #KHOMANI KULTURELE LANDSKAP



DIE #KHOMANI KULTURELE LANDSKAP
SUID-AFRIKA se 9de Wêrelderfenisterrein

Oeroue mense van die land
Die Khoisan mense

Die #Khomani Kulturele Landskap, wat as 'n Wêrelderfenisterrein verklaar is, dui op UNESCO se erkenning van die universele waarde en belang van hierdie terrein as 'n lewende erfenis.

Die #Khomani en ander Sanstamme is uniek omdat hulle direkte afstammeling van 'n oeroue groep mense is wat duisende jare gelede in Suid-Afrika gewoon het.


Die #Khomani San het 'n nomadiese (trek voortdurend rond) kultuur gehad en het geleef van wat die aarde gebied het. Hulle het plante vir medisinale doeleindes en vir rituele gebruik. Min van die stamlede beoefen steeds hulle tradisionele jagter-versamelaar-leefstyl. Die #Khomani San is vaardige spoorsnyers wat wippe, spiese, boë en pyle, wat met slanggif of die sap van giftige plante bedek is, gebruik wanneer hulle jag. Baie van die #Khomani San verdien ook 'n inkomste uit toerisme deur tradisionele juweliersware en kunshandwerk aan toeriste te verkoop.

[Aangepas uit *Sawobona*, September 2017 en *Indwe*, Oktober 2017]

- 5.1.1 Gee die naam van die provinsie waar die Wêrelderfenisterrein in hierdie artikel geleë is. (1)
- 5.1.2 Noem die tipe Wêrelderfenisterrein van die #Khomani Kulturele Landskap, volgens UNESCO se klassifikasie. (1)
- 5.2 Verduidelik EEN rede waarom daar na hierdie Wêrelderfenisterrein as 'n 'lewende erfenis' verwys word. (2)
- 5.3 Skryf 'n paragraaf en bespreek hoe die #Khomani Kulturele Landskap, wat as 'n Wêrelderfenisterrein verklaar is, die landelike ontwikkelingstrategie vir die #Khomani San sal ondersteun.
- Jou paragraaf moet die volgende insluit:
- Verbeterde lewensgehalte
 - Kultuurtrots en volhoubaarheid
 - Toeganklikheid tot infrastruktuur (3 x 2)
- LET WEL:** EEN punt sal toegeken word vir die paragraafformaat wat volledige, goed saamgestelde sinne sonder kolpunte ('bullets') of nommers bevat. (1) (7)

**NOV 2019 NSS
VRAAG 5**


Verwys na die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1 Identifiseer die provinsie waar die 10de Wêrelderfenisterrein geleë is. (2)
- 5.2 Bespreek TWEE redes waarom toeriste aangemoedig word om die Genesis-roete te volg wanneer hulle die Barberton Makhonjwa-bergreeks-Wêrelderfenisterrein besoek. (4)
- 5.3 Die kitsvloede in Februarie 2019 het groot padsluitings tussen Badplaas en Barberton tot gevolg gehad. Die swak toestand van paaie as gevolg van vloede het 'n afname in toerisme in hierdie provinsie tot gevolg gehad.
- Verduidelik hoe die swak toestand van paaie 'n negatiewe invloed op besoekergetalle op die Genesis-roete kan hê. (4)

**FEB-MAART 2015 NSS
VRAAG 5**


5.1 Bestudeer die kaart en foto's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1.1 Gebruik die prente hierbo om die Wêrelderfenisterreine (**A** tot **D**) op die kaart te identifiseer. Skryf slegs die naam van die Wêrelderfenisterrein langs die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer. (4)
- 5.1.2 Noem EEN kulturele kriterium waaraan Terrein **A** voldoen het en EEN kulturele kriterium waaraan Terrein C voldoen het om as Wêrelderfenisterreine verklaar te kon word. (2 x 2) (4)
- 5.2 Bespreek DRIE maniere waarop die Suid-Afrikaanse toerismebedryf voordeel trek deur agt Wêrelderfenisterreine te hê. (3 x 2) (6)

**FEB-MAART 2016 NSS
VRAAG 5**

Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1 Identifiseer die TWEE Wêrelderfenisterreine, gemerk **A** en **B**, op die kaart. (2)
- 5.2 Identifiseer die provinsie wat 'n grens met beide Wêrelderfenisterrein **A** en **B** deel. (2)
- 5.3 Bespreek EEN punt van waarde wat TWEE Wêrelderfenisterreine binne sy grense vir die provinsie wat in VRAAG 5.2 geïdentifiseer is, inhou. (2)
- 5.4 Verduidelik hoe Wêrelderfenisterrein **B** miljoene jare gelede ontstaan het. (2)
- 5.5 Verduidelik EEN rede waarom Wêrelderfenisterrein **A** as die oorsprong van die mens bestempel word. (2)

**FEB-MAART 2017 NSS
VRAAG 5**

Bestudeer die inligting oor die uKhahlamba-Drakensbergpark hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

UKHAHLAMBA-DRAKENSBERGPARK

Die uKhahlamba-Drakensbergpark is 'n Wêrelderfenisterrein. Hierdie Wêrelderfenisterrein bewaar die bergwildernisomgewing en antieke rotskuns.

Aktiwiteite in die bergagtige park sluit in om met die voetslaanpaadjies langs te stap, die grotte met rotskuns te verken, piekniek te hou, in rotspoele te swem, foto's te neem, 'n aasvoëlrestaurant te besoek, te abseil, rotse te klim en ysklim in die winter te doen. Verskeie avontuurtoeroperateurs bied begeleide aktiwiteite en toere aan.


Daar sal van sekere besoekers aan die uKhahlamba-Drakensbergpark verwag word om die bergreddingsregisters by sekere ingangspunte in te vul om hulle veiligheid te verseker.

[Aangepas uit www.zulu.org.za]

- 5.1 Noem die kulturele groep wie se nalatenskap daartoe gelei het dat die uKhahlamba-Drakensbergpark Wêrelderfenisstatus gekry het. (2)
- 5.2 Verduidelik hoe die kulturele groep wat in VRAAG 5.1 genoem is, steeds tot die gewildheid van die uKhahlamba-Drakensbergpark-area bydra. (2)
- 5.3 Volgens UNESCO word Wêrelderfenisterreine as natuurlike, kulturele en gemengde erfenisterreine geklassifiseer.
- 5.3.1 Gee die klassifikasie van die uKhahlamba-Drakensbergpark. (2)
- 5.3.2 Gee EEN rede uit die uittreksel om jou antwoord op VRAAG 5.3.1 te verduidelik. (2)
- 5.4 Verduidelik TWEE maniere waarop die veiligheid van avontuuraktiwiteite by die uKhahlamba-Drakensbergpark bestuur word. (4)

**FEB-MARCH 2018 NSS
VRAAG 5**

5.1 Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit [Google Maps](#)]

Pas die ligging van die Wêrelderfenisterreine (A–H) op die kaart by die naam van die Wêrelderfenisterrein (5.1.1–5.1.5).

Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 5.1.6 J.

- | | | |
|-------|--|-----|
| 5.1.1 | iSimangaliso-vleilandpark | (2) |
| 5.1.2 | Vredefortkoepel | (2) |
| 5.1.3 | Wieg van die Mensdom | (2) |
| 5.1.4 | Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap | (2) |
| 5.1.5 | uKahlamba-Drakensbergpark | (2) |

5.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<p style="text-align: center;">DIE ROL VAN UNESCO</p> <p>UNESCO streef daarna om netwerke tussen nasies te bou en het die idee van Wêrelderfenis geskep om unieke terreine regoor die wêreld te beskerm sodat die nageslag dit ook kan geniet.</p>	
---	--

5.2.1 Noem TWEE provinsies in Suid-Afrika wat NIE 'n Wêrelderfenisterrein het NIE. (2)

5.2.2 Noem TWEE aspekte waarna UNESCO kyk wanneer terreine vir Wêrelderfenisstatus oorweeg word. (4)

5.2.3 **UNESCO SE KRITERIUM (iii)**
 ... om 'n unieke of minstens uitstaande getuieis te wees vir 'n kulturele tradisie of vir 'n lewende beskawing of een wat verdwyn het.

Noem EEN Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein wat aan die beskrywing in kriterium (iii) hierbo voldoen. (2)

5.2.4 Bespreek TWEE voordele vir die Suid-Afrikaanse toerismebedryf as Suid-Afrika nog 'n Wêrelderfenisterrein sou bykry (4)

**MAY-JUNE 2018 NSS
VRAAG 5**

Bestudeer die inligtingsbord hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit www.unesco.org]

- 5.1 Noem die tipe Wêrelderfenisterrein wat op die inligtingsbord getoon word (1)
- 5.2 Noem die provinsie waar die terrein in VRAAG 5.1 geleë is. (1)
- 5.3 Gee EEN rede waarom die UNESCO-logo's op die inligtingsbord verskyn. (2)
- 5.4 Op die inligtingsbord hierbo beweer UNESCO: 'Hierdie werke toon die evolusie van menslike beskawings en vestiging oor baie jare heen ...'
Stel TWEE kenmerke van hierdie terrein voor wat die evolusie van menslike beskawings aandui. (4)
- 5.5 Verduidelik TWEE maniere waarop hierdie terrein van globale belang vir die nageslag is. (4)

**MEI-JUNIE 2019 NSS
VRAAG 5**

Bestudeer die kaart van Suid-Afrika se Wêrelderfenisterreine hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

REIS NA SUID-AFRIKA SE WÊRELDERFENISTERREINE

SUID-AFRIKA

Mapungubwe Kulturele Landskap

#Khomani Kulturele Landskap

Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap

Vredefortkoepel

Fossil-homonied-terrein

Maloti-Drakensberg-park

iSimangaliso-vleilandpark

Kaapse Blommeryk

Die wêreld se derde hoogste vlak van biodiversiteit

Robbeneiland

Die wêreld se grootste blommeryk binne 'n gekonsentreerde area

SLEUTEL:

Wêrelderfenisterrein

Die name van die terreine wat op die kaart hierbo verskyn, is volgens UNESCO se inskrywings van Suid-Afrika se Wêrelderfenisterreine.

Ander name wat in Suid-Afrika vir sommige van die Wêrelderfenisterreine gebruik word, sluit in:

Die Fossil hominied-terrein (ook bekend as die Sterkfonteingrotte of die Wieg van die Mensdom)

Maloti-Drakensbergpark (ook bekend as die uKhahlamba-Drakensbergpark)

[Aangepas uit www.unesco.org]

- 5.1 Skryf die letter van die Wêrelderfenisterrein neer wat in Limpopo geleë is. (1)
- 5.2 Skryf die letter neer van die gemengde Wêrelderfenisterrein. (1)
- 5.3 Noem die provinsie waar Wêrelderfenisterrein **B** aangetref word. (1)
- 5.4 Noem die Wêrelderfenisterrein wat die Nuwe Sewe Wonders van die Natuur insluit. (1)

- 5.5 Gee EEN rede waarom die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap as 'n Wêrelderfenisterrein verklaar is. (2)
- 5.6 Gee die name van die TWEE Wêrelderfenisterreine wat die volgende verteenwoordig:
- 5.6.1 Antieke kulture (1)
- 5.6.2 Antieke menslike fossiele (1)
- 5.7 Verduidelik die verskil tussen die *iSimangaliso-vleilandpark* en die *Kaapse Blommeryk* met betrekking tot diversiteit. (4)

SEPT 2014 EC
VRAAG 5

Bestudeer die logo en strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1 Skryf die volle betekenis van die akroniem UNESCO uit. (2)
- 5.2 Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul:
UNESCO erken plekke regoor die wêreld wat van buitengewone erfeniswaarde is. UNESCO 5.2.1 ... en 5.2.2 ... dit vir die nageslag. (2)
- 5.3 Identifiseer die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein wat in die strokiesprent beskryf word. (1)
- 5.4 Watter wêreldbekende paleontologies-fossiel is by hierdie Wêrelderfenisterrein ontdek? (1)
- 5.5 Gee die name van TWEE natuurlike Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (2)

- 5.6 Om as terrein in die Wêrelderfenislys opgeteken te word, moet die terrein aan minstens een van UNESCO se tien keuringskriteria voldoen.

Bestudeer die uittreksel soos geneem uit UNESCO se keuringskriteria en identifiseer EEN kriteria waaraan die terrein, soos beskryf in die strokiesprent, voldoen het, ten einde te kwalifiseer om by die lys van Wêrelderfenisterreine gevoeg te word. Skryf SLEGS die letter van jou keuse in jou ANTWOORDEBOEK neer.

- | | |
|-----|---|
| (a) | 'n Belangrike wisselwerking tussen menslike waardes oor 'n tydperk of binne 'n kulturele gebied van die wêreld toon ten opsigte van ontwikkeling in argitektuur of tegnologie, monumentale kuns, stadsbeplanning of landskapontwerp. |
| (b) | 'n Unieke of ten minste buitengewone getuigenis wees van 'n kulturele tradisie of 'n samelewing wat tans bestaan of verdwyn het. |
| (c) | 'n Uitstaande voorbeeld van 'n tradisionele menslike nedersetting, grondgebruik of seegebruik wees wat 'n kultuur (of kulture), of menslike interaksie met die omgewing verteenwoordig, veral wanneer dit kwesbaar is onder die impak van onomkeerbare verandering. |

(2)

- 5.7 'n Wêrelderfenisterrein voeg waarde by tot die toerismebedryf van die land waarin dit geleë is.


Verskaf TWEE redes om bogenoemde stelling te ondersteun.

(2 x 2)

(4)

SEPT 2015 EC
VRAAG 5


Bestudeer die kaart van Suid-Afrika se Wêrelderfenisterreine en beantwoord die vrae.



- 5.1 Gebruik die kaart hierbo en identifiseer die Wêrelderfenisterreine gemerk **A** en **B**. Skryf die letter en die naam van die terrein as antwoord neer. (2 x 1) (2)
- 5.2 Gee die hoofrede waarom spesifieke erfenisterreine van 'n land gekies word om op die Wêrelderfenislys geplaas te word en deur UNESCO met Wêrelderfenisstatus gekroon word. (2)
- 5.3 Die Wêrelderfenisterrein gemerk **D**, is op die Wêrelderfenislys as 'n natuurlike terrein aangeteken.
- Verduidelik waarom UNESCO hierdie Wêrelderfenisterrein as belangrik beskou vir die internasionale gemeenskap en dat dit vir die nageslag beskerm en bewaar moet word. (2 x 2) (4)
- 5.4 Lewer kommentaar waarom die Wêrelderfenisterrein gemerk **C** op die kaart deur UNESCO beskou word dat dit "n bydra tot unieke of ten minste besondere getuienis tot 'n kulturele tradisie of 'n beskawing wat verdwyn het", is. (2 x 2) (4)

SEPT 2016 EC
VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



- 5.1 Gee die naam van die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein wat in die spatie genommer **A** behoort te verskyn. (1)
- 5.2 Benoem die provinsie waar die Wêrelderfenisterrein wat in VRAAG 5.1 geïdentifiseer is, geleë is. (1)
- 5.3 Verduidelik die begrip “Wêrelderfenisterrein”. (2)
- 5.4 Bestudeer die uittreksel vanuit UNESCO Wêrelderfenisterrien se kriteria vir seleksie.

Kriteria 3: Om 'n unieke of ten minste uitsonderlike getuigenis tot 'n kulturele tradisie, of lewende of uitgestorwe beskawing te wees.

Kriteria 6: Om op 'n direkte of tasbare wyse verbind te wees met geleenthede of lewende tradisies, met idees of oortuigings, met kunstige of literêre werke wat van uitstaande universele betekenis is.


Verduidelik TWEE maniere waarop die Wêrelderfenisterrein waarna daar in VRAAG 5.1 verwys word aan UNESCO se Kriteria 3 en Kriteria 6 voldoen.

(2 x 2) (4)

- 5.5 Bespreek EEN manier hoe die Suid-Afrikaanse toerismebedryf bevoordeel word uit die Wêrelderfenisstatus van die terrein wat in VRAAG 5.1 geïdentifiseer is. (2)

SEPT 2017 EC
VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande kaart en beantwoord die vrae.



- 5.1 Identifiseer die UNESCO Wêrelderfenisterreine genommer **A** en **B**. (2 x 1) (2)
- 5.2 5.2.1 Gee die tipe Wêrelderfenisterrein wat deur die terrein genommer **A** voorgestel word. (1)
- 5.2.2 Bespreek EEN voorbeeld van hoe die Wêrelderfenisterrein genommer **A** aan UNESCO se kriteria (v) voldoen. (2)
- 5.3 5.3.1 Noem die hoof plantegroeitipe wat die berge, valleie en vlaktes langs die kus in die Wêrelderfenisterrein genommer **B** bedek. (2)
- 5.3.2 Verduidelik EEN manier hoe indringer plantspesies 'n bedreiging vir die voortbestaan van die Wêrelderfenisterrein genommer **B** is. (2)
- 5.4 Bespreek TWEE maniere hoe die Suid-Afrikaanse Toerismebedryf deur Wêrelderfenisterreine genommer **A** en **B** bevoordeel word. (2 x 2) (4)



SEPT 2018 EC
VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat daarop volg.

SA se #KHOMANI KULTURELE LANDSKAP AS NUWE UNESCO WÊRELDERFENISTERREIN VERKLAAR

Die #Khomani Kulturele Landskap strek oor 959 100 hektaar, vorm deel van die Kgalagadi Oorgrenspark en sluit ook die hele Kalahari Gemsbok nasionalepark in. Volgens UNESCO, 'toon die groot sand oppervlak bewyse van menslike bewoning van die Steentydperk tot die hede en word met die kultuur van die voormalige nomadiese #Khomani San mense en die strategieë wat hulle toegelaat het om by die strawwe woestyntoestande aan te pas, verbind'.

Die #Khomani San leef in volkome harmonie met die natuur, hulle neem slegs dit wat vervang kan word en wat hulle nodig. Hulle is een van die enigste San-groepe wat nog hulle tradisionele jagter-versamelaar leefwyse beoefen. Met merkwaardige uithouvermoë is hulle in staat om 'n dier se spore vir dae aaneen te volg en die dier dood te maak met 'n giftige pyl. Hulle kennis van die medisinale gebruik van plante, naboots van diere en voëls en hulle musiek en dans is welbekend. Hulle het vaardighede ontwikkel om skaars hulpbronne soos water te gebruik en om plantvoedsel in 'n uiters vyandige omgewing te vind.

[Verwerk uit www.whc.unesco.org, www.khomani.co.za en www.sa-venues.com]

- 5.1 Noem die provinsie van Suid-Afrika waar die #Khomani Kulturele Landskap geleë is. (2)
- 5.2 Identifiseer TWEE SAOG-lande, behalwe vir Suid-Afrika, wat by die verklaring van #Khomani Kulturele Landskap as 'n Wêrelderfenisterrein sal baat. (2 x 1) (2)

5.3

UNESCO se Kriteria 5 vir verklaring tot 'n Wêrelderfenisterrein.

“Om 'n uitstaande voorbeeld van 'n tradisionele menslike nedersetting, land- of seegebruik wat verteenwoordigend van 'n kultuur (of kulture), of menslike interaksie met die omgewing, veral as dit kwesbaar geword het onder die impak van onherroeplike verandering, te wees.

[Bron: www.whc.unesco.org]

Die †Khomani Kulturele Landskap het voldoen aan UNESCO se Kriteria 5 om Wêrelderfenisstatus te verkry.

Beskryf TWEE voorbeelde van strategieë wat die †Khomani San oor baie eeue ontwikkel het in hulle interaksie met 'n omgewing van uiterste toestande. (2 x 2) (4)

5.4 Stel TWEE entrepreneurs-geleenthede voor wat die †Khomani San kan oorweeg om hulle unieke kulturele erfenis ten toon te stel en te bewaar terwyl hulle waarde toevoeg aan die toerismebedryf van die omgewing. (2 x 2) (4)

**SEPT 2019 EC
VRAAG 5**

Bestudeer die kaart en inligting en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA SE TIENDE WÊRLDERFENISTERREIN



***Barberton MakhonjwaBerge**

In Noordoostelike Suid-Afrika geleë, is die Barberton Makhonjwaberge Wêrelderfenisterrein, een van die wêreld se oudste geologiese strukture, met vulkaniese en sedimentêre rots wat 3,5 biljoen jaar terug dateer – in die tyd toe die eerste vastelande op die primitiewe Aarde begin vorm het. Ten spyte van die feit dat die rotse biljoene jare oud is, is hulle so goed bewaar dat die fossiele daarin getrou rekord hou van die vroegste bakteriële lewensvorme op die planeet.

Tesame met die uitsonderlike geologie is die gebied ryk aan wilde plante, diere en pragtige natuurskoon. Die verskeie groot en klein natuurreservate en die panoramiese skoonheid bied sleutelemente wat benodig word vir ontwikkeling van diverse en innoverende toerisme vennootskappe en besighede.

[Verwerk uit www.africageographic.com]

- 5.1 Identifiseer die provinsie waar die Barberton Makhonjwaberge, Suid-Afrika se nuutste Wêrelderfenisterrein, geleë is. (1)
- 5.2 Noem die tipe wêrelderfenisterrein wat deur UNESCO by die Barberton Makhonjwaberge verklaar is. (2)


- 5.3 Bestudeer die uittreksel uit UNESCO se keuringskriteria vir goedkeuring tot die Wêrelderfenisterreinlys.

Kriteria vii: “Om oortreffende natuurlike verskynsels of gebiede van uitsonderlike natuurlike skoonheid en estetiese belang te bevat.”

Kriteria viii: “Om uitstaande voorbeelde van die hoofstadiums in die aarde se geskiedenis te wees, insluitend die opteken van lewe, beduidende voortdurende geologiese prosesse in die ontwikkeling van landvorme of beduidende geomorfiese of fisiografiese kenmerke.”

[Bron: www.whc.unesco.org]

- 5.3.1 Identifiseer die keuringskriteria waaraan die Barberton Makhonjwaberge Wêrelderfenisterrein voldoen het. (2)
- 5.3.2 Verduidelik TWEE maniere hoe die Barberton Makhonjwaberge aan die UNESCO keuringskriteria geïdentifiseer in VRAAG 5.3.1 voldoen. (2 x 2) (4)
- 5.4 Bestudeer die prente en inligting. Beantwoord die vraag wat volg.



Dusty Tracks Off Road Adventures bied natuurskoon, avontuur, voëlkyk, geskiedenis, kultuur, geologiese en 4 x 4 toere. Barberton het 'n Geospoor (trail) in die aangekondigde wêrelderfenisterrein en kundige gidse kan vir toere wat 'n indiepte geskiedenis en geologie van die gebied insluit gereël word.

[Verwerk uit www.dustytracks.co.za]

- 5.4.1 Bespreek hoe die verklaring van die Barberton Makonjwaberge Wêrelderfenisterrein tot volhoubare groei vir Dusty Tracks Off Road Adventures en sy toerismevennote in die Barberton-gebied sal lei. (2 x 2) (4)